

HOE OM 'N GEKRAAKTE TEËL TE VERVANG

JY BENODIG

teël, teëlhegmiddel, teëlbry, klouhamer, koubeitel, bou-emmer, teëlтроffel, spons, veiligheidsbril, skoppie en besem, waterpas en ou skroewedraaier

STAP 1

Krap soveel as moontlik van die bryvulling rondom die gebreekte teël uit met 'n ou skroewedraaier. Gebruik 'n koubeitel en klouhamer om die gebreekte teël uit te haal. Begin deur met die beitel en hamer in die kraak die naaste aan 'n hoek of kant van die teël te kap. Dra 'n veiligheidsbril sodat stukies teël nie in jou oë spat nie. Kap versigtig van buite na binne sodat die ander teëls nie kraak of splinter nie.



STAP 2

Kap al die ou teëlhegmiddel tot op die betonoppervlak los. Maak seker daar bly nie skerp stukies agter nie, anders sal die nuwe teël ongelik lê en weer kraak. Vee die oppervlak skoon met 'n skoppie en besem. Plaas die nuwe teël in posisie om te kyk of jy diep genoeg skoongekap het. Jy het 'n ruimte van omtrent 10 mm tussen die teëls nodig vir die voegbry.



STAP 3

Meng net genoeg hegmiddel (in die emmer) volgens die aanwysings. Smeer met die troffel aan die teël se agterkant. Gebruik die getande kant van die troffel om dun strepies in die hegmiddel te trek. Druk die teël vas. Gebruik 'n waterpas om te kyk of dit gelyk is. Laat oornag droog word. Smeer dan die bry aan. Wanneer dit droog is, vee dit skoon met 'n klam spons.



Stoel in Yellow Balau R795, Tropic Trader. Kussings R89 elk, @home.